# Les 6 NET DIE BRUINDRAAD IS DIE KRAGDRAAD: ONS WORD VERGEWE, GERED EN WORD KINDERS VAN GOD NET DEUR DIE EVANGELIE, SONDER DIE WET

Hoe word ons gered en vergewe deur God?

## 1. Die elektrisiteit in die Bybel gee ons – Vryspraak

Hierdie les gaan oor hoe ons vergewe en gered word. Die woord wat die Bybel gebruik om te sê ons is vergewe, gered en kinders van God, is 'vryspraak'!

Kom ons lees Romeine 1 verse 16 en 17:

*"16 Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood. 17 In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe."*

Kyk goed na die woord 'vryspreek'!

Wat dink julle beteken die woord: 'vrygespreek'?

- Kan iemand wat vrygespreek is van sy sonde – aan sonde skuldig wees?
- Kan iemand wat vrygespreek is van sy sonde – vir sy sonde gestraf word?
- Kan iemand wat vrygespreek is van sy sonde – hel toe gaan?
- Moet iemand wat van sy sonde vrygespreek is – nog eers vergewe word, of is hy klaar vergewe?

Iemand wat vrygespreek is – is nie meer skuldig aan sonde nie. Hy kan nooit weer gestraf word nie. Iemand wat vrygespreek is van sonde, kan nie hel toe gaan nie en is klaar vergewe.

As jy vrygespreek is – is jy vergewe!

'Vryspraak' is die woord wat al God se gawes aan sondaars saamvat. 'Vryspraak' is die woord wat die Bybel gebruik om al die geestelike gawes wat God vir ons gee, saam te vat: vergifnis, redding, die ewige lewe, die opstanding uit die dood en lidmaatskap van Sy Kerk.

Dit is net soos die woorde 'Wet' en 'Evangelie'! As ons praat van die Wet van God, dan praat ons nie net van een van die Tien Gebooie nie, ons praat van al die gebooie saam. Dit is ook net so met die woord 'Evangelie': as ons van die Evangelie praat, dan praat ons van al twaalf die artikels saam: Jesus is gebore, het gely, is gekruisig, tot en met Hy kom weer. Ons praat nie net van een ding wat Hy gedoen het nie.

'Vryspraak' is 'n woord net soos die woorde 'die Wet van God' of 'die Evangelie'. Hierdie woord vat al die geestelike gawes wat God aan ons gee, saam. As ons hierdie een woord sien, dan weet ons nou gaan dit oor al die gawes van God saam.

## 2. Vryspraak is die gawe van 'elektriese krag': God se liefde vir sondaars

Die geestelike krag wat ons deur God se liefde kry, is – vryspraak. Vryspraak maak dat ons vergewe is, gered is, die ewige lewe gaan kry, dat ons nuwe mense is, dat ons gaan opstaan uit die dood en dat ons die gawe van die Heilige Gees ontvang.

Net soos elektrisiteit krag binne-in ŉ ketel inbring as ŉ gawe wat die ketel uit die bruindraad ontvang, is vryspraak die godsdienstige gawe uit die Evangelie. Dit is ons godsdienstige gawe – vryspraak deur die Here.

**3. <u>Net die bruindraad is die kragdraad: net die Evangelie bring vryspraak in ons lewe</u>**

Kom ons lees Gal. 2:15 en 16!

*"15 Ons is Jode van geboorte en nie sondaars uit die heidene nie. 16 En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo. Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie."*

In hierdie twee verse word verduidelik hoe ons vryspraak kry. Hier word van die twee drade in die Bybel, die Wet en die Evangelie, gepraat.

Waardeur ontvang ons vergifnis of redding van ons sonde van die Here?

Ontvang ons dit

- net deur die Evangelie;
- net deur die Wet;
- of deur die Wet van die Here EN die Evangelie saam?

Kyk mooi na die verse! Op watter woord lê die klem in vers 16 se eerste sin? Die klem lê op die woord – ALLEEN. 'Alleen' beteken 'net', of 'slegs', of 'niks anders nie', of 'sonder enigiets anders'.

Lees nou ook hiermee saam Rom. 1:16 en 17:

*"16 Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood. 17 In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe."*

Wat sê Paulus vir die lidmate in die gemeente Rome?

1. Wat is die krag waardeur ons vergifnis kry? Dit is die Evangelie.

2. Waardeur word ons vrygespreek? Enkel en alleen deur die Evangelie te glo.

'Enkel en alleen deur die Evangelie te glo' – beteken om nooit ooit iets anders hoef te doen nie, ook nie die Wet van God te gehoorsaam nie. Ons ontvang God se vryspraak nét deur die Evangelie alleen.

### 4. <u>Die Evangelie en Wet mag nooit kontak maak of meng nie</u>

Kom ons kyk weer na Gal. 2 verse 15 en 16:

*"[15] Ons is Jode van geboorte en nie sondaars uit die heidene nie. [16] En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo. Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie."*

Dit is presies net soos wat 'n elektriese koord werk! Hoeveel drade is daar in 'n elektriese koord? Daar is twee!

Maar die groot geheim is – net een draad het krag in. Dit is net die bruindraad wat die kragdraad is. In die bloudraad is daar geen krag nie. Die krag kom – NET – in die bruindraad en dit mag nooit kontak met die bloudraad maak nie.

| Daarom mag hierdie twee soorte drade nooit aan mekaar raak nie. |
|---|

Al is al twee elektriese drade en al twee van koper gemaak, mag die draadjies in die bruindraad nooit raak aan die draadjies in die bloudraad nie.

Net so werk die Woord van God. Binne-in die Woord van God is die Wet en die Evangelie. Maar nét die Evangelie bring die vryspraak na ons toe. Binne-in die Wet is daar geen vryspraak vir ons nie.

Ons mag nooit maak asof daar in God se Wet óók vir ons vergifnis en redding is nie. Paulus sê daar is geen redding of vergifnis deur die onderhouding van die Wet nie.

### 5. <u>'n Sleutel om die Bybel te lees</u>

Hierdie waarheid: die bruindraad is die kragdraad waardeur ons vergewe word, nie die bloudraad nie, is 'n sleutel of geheime kode-ontsyfering wat ons kan gebruik om die Bybel reg te lees en reg te verstaan.

Kom ons wys dit eers met Gal. 2:17:

*"[16] En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo. Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie."*

Kom ons vat die koord in ons hand met die twee drade: bruin en blou. Die sleutel of geheime kode om die verse in die Bybel te ontsyfer is: die bruindraad is die kragdraad, die bloudraad het geen krag in nie.

Kom ons gebruik die kode op vers 17. Watter deel van die vers pas by watter kleur draad?

Bloudraad (geen vergifnis nie) Bruindraad (vergifnis en redding)

"*En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek* (elektrisiteit) *word deur die Wet van Moses* (die bloudraad) *te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo.* (Net die bruindraad alleen). *Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek* (elektrisiteit) *is: deur in Christus te glo* (bruindraad)*, en nie deur die wet te onderhou* (bloudraad) *nie, want geen mens word vrygespreek* (elektrisiteit) *op grond daarvan dat hy die Wet onderhou nie* (bloudraad)".

Hierdie koord het ons nou gehelp om hierdie vers te verstaan. Ons ontvang die vergifnis van ons sonde net deur die Evangelie, nie deur die Wet nie. Deur die Wet kom geen vergifnis na ons kant toe nie. Net soos al die krag van die kragsentrale net deur die bruindraad na die ketel toe kom. Daar kom nooit krag van die kragsentrale na ŉ ketel deur die bloudraad nie.

Ons kan hierdie metode om die verse met die twee drade van die koord te vergelyk, vir die hele boek Galasiërs, maar meer, vir die héle Bybel gebruik. Kom ons kyk na nog 'n paar tekste in Galasiërs!

Watter teks, of deel van die teks, pas by die bruindraad en watter deel pas by die bloudraad?

Bloudraad (geen krag nie)  Bruindraad (enigste draad met krag)

Gal.3:2: *"Net een ding wil ek van julle weet: Het julle die Heilige Gees* (bruindraad) *ontvang deur die wet van Moses te onderhou* (bloudraad) *of deur die Evangelie* (bruindraad) *te glo?"*

Gal. 3:5: *"Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou* (bloudraad) *of omdat julle die Evangelie* (bruindraad) *glo ?"*

Kan julle sien wat probeer Paulus aan die gemeente verduidelik? Hy probeer aan hulle verduidelik dat die bloudraad geen krag het nie, al die krag kom net deur die bruindraad: die krag van ons redding, verlossing, vergifnis, die gawe van die Heilige Gees, al die dinge wat saam 'vryspraak' genoem word, kom na ons toe nét deur die Evangelie. Deur die Wet kom daar niks na ons toe nie.

### 6. <u>Die regte boodskap van die Bybel</u>

Dit is wat al die skrywers van die Bybel vir ons wil leer – die bloudraad, die Wet, gee ons geen krag, ons ontvang al God se krag om vergewe te word – nét deur die bruindraad, dit is die Evangelie.

Die kuns wat ons moet aanleer is om hierdie boodskap binne-in die Bybel te kan raaksien. Hierdie manier van lees is ŉ kuns, net soos wat ŉ mens leer om note raak te sien en dan te weet watter note is dit op die klavier as jy musiek leer. Musiek leer is nie maar net om na ŉ boek te kyk, of na ŉ klavier te kyk nie. Dit is om die note op die klavier te kan speel as jy na die boek kyk.

Bybellees werk ook net so! As jy die versies lees, moet jy die boodskap van die Bybel kan hoor!

As ons dít kan raaksien, dan het ons die regte boodskap van die Bybel ontdek. Die boodskap van die Bybel is baie maklik – kinders kan dit sélf lees en verstaan. As jy weet die Bybelskrywers wil die gemeente leer dat:

- 1. Vryspraak is ons godsdienstige krag: dit is die elektrisiteit van die ketel;
- 2. Die krag kom net deur die Evangelie: die bruindraad;
- 3. Daar kom geen krag na ons deur die Wet nie: die bloudraad;
- 4. Daarom moet ons die krag in die Evangélie (die bruindraad) soek en nie in die Wet (die bloudraad) nie;

dan ken jy die grootste deel van die Bybelboeke se boodskap.

**7. <u>Geoefen om die drade uitmekaar te ken: geoefen om die Wet en die Evangelie uitmekaar te kan ken</u>**

Hier is dus nou vir jou 'n baie belangrike oefening om te doen elke keer as jy die Bybel lees. 'n Mens lees nie sommer maar net 'n paar verse en dan weet jy wat die Bybel sê nie.

Jy moet eers 'n paar kodes ontsyfer:

7.1 KODE 1 Die eerste kode wat jy moet ontsyfer, en wat jy die hele tyd moet oefen om raak te sien, is: watter deel van die Bybel is hierdie: die Wet of die Evangelie?

Om uit te vind van watter deel praat die skrywer, kan jy van die volgende hulpmetode gebruik maak: jy vat die Wet en die Evangelie en sit dit langs mekaar, en kyk waar pas hierdie vers in – by die Wet, of by die Evangelie!

Byvoorbeeld Romeine 3:20 – 22. Lees eers die verse:

*"20 Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; inteendeel, deur die wet leer 'n mens wat sonde is. 21 Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, 22 maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo."*

Vat nou die Wet en Evangelie en sit dit langs mekaar!

| **<u>DIE WET (BLOUDRAAD)</u>** | **<u>DIE EVANGELIE (BRUINDRAAD)</u>** |
|---|---|
| 1.3 Jy mag naas My geen ander gode hê nie. | 1.Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde |
| 2.4 "Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. 5 Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, 6 maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam. | 2.en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; |

| | |
|---|---|
| 3.[7] "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie. | 3.wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria |
| 4. [8] "Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. [9] Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, [10] maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. [11] Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig. | 4. wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het ; |
| 5.[12] "Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee. | 5. wat op die derde dag opgestaan het uit die dood; |
| 6. [13] "Jy mag nie moord pleeg nie. | 6. opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, |
| 7. [14] "Jy mag nie egbreuk pleeg nie. | 7. vanwaar Hy sal kom om die lewen des en die dooies te oordeel. |
| 8.[15] "Jy mag nie steel nie. | 8. Ek glo in die Heilige Gees |
| 9.[16] "Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie. | 9. ek glo aan 'n heilige, alge mene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges |
| 10. [17] "Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie." | 10. die vergewing van sondes |
| | 11. die opstanding van die liggaam |
| | 12. en in die ewige lewe. |

Kyk nou watter deel van die verse pas by die Wet of die Evangelie.

WENK: onthou as jy net een woord kry wat by die Evangelie pas, dan sluit dit al die ander dele in. Dit is hoe die Bybel geskryf is: dit praat soms net van een van die bondel klein draadjies binne die blou- of bruindraad, maar hulle werk almal saam in die bondel. So as jy die woord : "Jesus", "Christus", "Vader" , "Heilige Gees", "vergifnis" of "ewige lewe" sien, dan is dit die hele bloudraad: die Evangelie. Net soos een wet: "jy mag nie doodslaan nie" vir ons wys dit gaan oor die hele Tien Gebooie.

*"[20] Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding* (bloudraad) *deur God vrygespreek* (elektrisiteit) *word nie; inteendeel, deur die wet* (bloudraad) *leer 'n mens wat sonde is. [21] Maar nou het die vryspraak* (elektrisiteit) *deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak* (elektrisiteit) *wat nie verkry word deur die wet* (bloudraad) *te onderhou nie, [22] maar deur in Jesus Christus* (bruindraad) *te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo."* (Romeine 3)

Nou kan jy maklik sien: hierdie vers leer ons ons kry God se vergifnis net deur die Evangelie, en nie deur die Wet nie.

7.2. KODE 2 Die tweede deel van die kode is: kyk of jy kan raaksien hoe die skrywer van die boek wat jy lees, verduidelik dat die bruindraad die kragdraad is, en nie die bloudraad nie; die Evangelie, en nie die Wet nie, bring vir ons vryspraak.

Kom ons oefen dit. Kyk of julle sonder die hulp van die onderwyser hierdie twee ontsyferingskodes kan gebruik en die Bybeltekste kan uitlê.

Julle kan dit ook as groep saam vir die onderwyser doen. Verduidelik julle nou vir hom/haar hierdie teksgedeeltes.

Romeine 3: 20 tot 24:
*"20 Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; inteendeel, deur die wet leer 'n mens wat sonde is.*
*21 Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie,*
*22 maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo.*
*23 Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie,*
*24 maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus."*

Romeine 9:30 tot 10:4:

*"30 Wat is nou ons gevolgtrekking? Dít: heidene het nie God se vryspraak gesoek nie, maar dit wel gekry-die vryspraak deur die geloof.*
*31 Israel, daarenteen, het 'n wet gesoek waardeur hulle God se vryspraak sou kon kry, maar by so 'n wet het hulle nie uitgekom nie.*
*32 Waarom kon hulle nie die vryspraak kry nie? Omdat hulle nie op die geloof wou bou nie, maar op hulle eie prestasies. Hulle het oor die struikelblok gestruikel*
*33 waarvan daar geskrywe staan: "Kyk, Ek sit in Sion 'n klip neer waaroor 'n mens struikel, 'n rots waarteen jy jou stamp, maar wie in Hom glo, sal nie teleurgestel word nie." 10 Broers, my hartewens en my gebed tot God vir my volk is dat hulle gered word,*
*2 want ek kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is, maar sonder die regte insig.*
*3 Hulle het hulle nie gesteur aan die manier waarop God mense vryspreek nie. Hulle wil niks van God se manier van vryspraak weet nie; hulle probeer dit op hulle eie manier kry.*
*4 Christus is tog die einde van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word"*

Onthou die sleutels:
1. Daar is twee drade: blou en bruin! Watter deel van die verse gaan oor die Wet, en watter een oor die Evangelie?

2. Die skrywer verduidelik hoe werk die koord: net die bruindraad is die kragdraad – net die Evangelie bring vryspraak, nie die Wet nie.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

__________________________________

**Handtekening: ouer of voog**